### *Die terugkeer van satan*

**63** Na hierdie advies van My vra Cyrenius wat uiteindelik met satan sal gebeur en of daar van sy kant ooit gedink word aan `n terugkeer.

[2] En **Ek** lê die volgende antwoord in sy hart: "Wat gebeur het is die volgende: Die verlorene word gesoek en die groot sieke word `n geneesmiddel gegee, maar sy wil bly vry en moet vry bly, want as sy wil belemmer word, dan sou dit beteken dat die hele, byna eindelose materiële skepping en al haar bestanddele in die hardste klip sou verander, waarin geen lewe moontlik is nie. Die algehele materiële skepping is die so ver moontlik geoordeelde groot gees en hy is daarby verdeel in tallose wêrelde, wat egter met hul oneindige aantal tog sy totale wese vorm. Maar uit die een wese word ontelbare van ontelbare wesens, soos die meeste mense van hierdie aarde, geneem en deur Elohim se Krag, Mag, Liefde en Wysheid tot volmaakte, na Elohim lykende wesens omgevorm, en dit is `n betroubare terugkeer van die een groot gees!

[3] As alle aardes en sonne egter in hulle volheid in mense opgegaan het, sal ook van dié een niks meer oorbly nie as slegs maar sy 'ek' wat dan in volkome eensaamheid hom na tye der tye sal moet omkeer, as hy hom nie wil prysgee aan `n ewige versmagting nie. Dan sal daar geen stoflike son en geen stoflike aarde meer in die ewige eindelose ruimte rondsirkel nie, maar orals sal `n wonderheerlike nuwe geestelike skepping met salige vrye wesens die eindelose ewige ruimte vul, en Ek sal altyd dieselfde Elohim en Vader van alle wesens van ewigheid tot ewigheid wees en hierdie geluksalige toestand sal daarna nooit eindig nie. Daar sal een kudde, een skaapstal en een herder wees!

[4] Maar wanneer dit alles so sal word, is, in aardse jare gemeet, nie omskryfbaar nie! En sou Ek die getal meedeel aan jou, dan sou jy dit onmoontlik nie kon verstaan nie. En sou Ek die getal omskrywe deur te sê dat daar duisendmaal duisend periodes van duisend jaar sal verbygaan, waarby die aantal periodes gelyk is aan die getal van die korrels sand in die see en op die hele aarde, vermeerder met die getal van die aantal grassprietjies in alle lande en op alle berge van die aarde, vermeerder met die getal van alle druppels in die see, in alle mere en strome, riviere, berge en bronne, dan sou jy dit egter tog nie kon tel om sodoende die oomblik van die uiteindelike verlossing te bepaal nie!

[5] Wees daarom tevrede met die volgende: Streef jy slegs vóór alles na die Ryk van Elohim en die ware Geregtigheid daarvan, dan sal jy na die dood van jou liggaam dadelik deur My opgewek word tot die ewige lewe, en in die ryk van die suiwer geeste sal duisend jaar verbygaan soos één dag!

[6] En, vriend, in My ryk wat gevul is met al die hoogste salighede, sal die Een wat jou nou hier oneindig ver weg beskyn, op `n salige ligte wyse en baie gou kom! Nou kan jy en geeneen van My leerlinge op hoogte gebring word van alle hemelse wysheid nie, maar oor etlike jare wanneer jy gedoop sal word met die gewyde Gees uit Elohim, dan sal hierdie Gees jou en alle andere inwy in alle hemelse wysheid. Eers dan sal jy alles heel duidelik kan sien, wat nou nog donker en verwarrend vir jou moet wees! - Maar bewaar dit wat nou aan jou geopenbaar is slegs vir jouself en laat niemand iets daarvan uitvind nie, want dit moet nog lank geheim bly!"

[7] Toe **Cyrenius** dit in hom hoor, is hy geweldig verbaas en sê na `n oomblik van intensiewe denke: "Dit was sonder meer U woord, wat ek nou as't ware as `n woordevloed in my hart getrou en duidelik gehoor het. Moet die vermaning aan die einde egter wel so streng gehandhaaf word? Heeltemal betroubare, redelike en eerlik denkende en gelowige mense sou so iets tog wel - byvoorbeeld `n paar dinge daarvan losweg gesê - meegedeel mag word!? Want so iets sou tog geen mens kan skaad nie!"

[8] **Ek** sê hardop: "Ja vriend, dit wat jy innerlik ontvang het, skaad `n mens sekerlik nie, anders sou Ek jou dit nie meegedeel het nie. Maar as baie mense so iets van buite af sou ontvang, dan sou dit hulle geweldig skaad. Hoe en waarom - dit het My engele jou voldoende uitgelê, en daarom hou ons op daaroor, want ons het nog baie ander sake van groot belang om af te handel en dis voor-die-hand liggend baie meer noodsaaklik as hierdie vraag van jou, waarop die hele antwoord eers in die ewigheid sal moet rypword."

### *Essensie, lewe en werk van die natuurgeeste*

**64** Cyrenius is tevrede gestel, maar in sy plek staan Kisjonah nou op en vra My of hy ook `n vraag mag stel oor `n reëling wat deur My getref was en wat nie vir hom duidelik is nie.

[2] **Ek** sê: "Praat, vriend van vriend en vyand!"

[3] **Kisjonah** sê: "Wel, toe ons die oorblywende deel uit die grot in my berge gaan uithaal het, het U versoek dat daar voldoende brood en wyn saamgeneem moes word omdat ons daar baie hongeriges en dorstiges sou aantref! Daarop laat ek dadelik `n groot hoeveelheid brood en wyn saamneem en wag toe by en in die grot tot daar iemand sou kom wat die brood en wyn nodig sou hê!

Maar, Meester, daar het niemand gekom aan wie ek die saamgeneemde kon gee nie!

[4] Toe ons egter by die grot uitkom, wat U deur U mag in ArkiEl vir ewig laat afsluit het, was ons sonder brood en wyn, en geeneen van die draers kon my vertel wie die brood en die wyn van hulle afgeneem het nie. Ek het dit in die grot en ook daarbuite tydens die wonderlike oomblik nie gesien nie. `n Dag later, toe U Kis verlaat, praat my hele huis natuurlik slegs maar oor U, en - soos wat dit met mense gaan, veral by sulke wonderbaarlike gebeurtenisse - word daar ten minste dubbel soveel dade vertel as wat ek geweet het wat U verrig het! Baie van die dade wat vertel was, wat die mense beweer dat hulle U dit gesien doen het, laat ek deur die vertellers terugtrek en verklaar dit as `n uiting van hulle verhitte fantasie en tot vrome leuens. Maar die verhaal oor die verdwyning van die saamgeneemde brood en die wyn het selfs vir my ernstig aan die dink gesit, want ek kon my regtig nie herinner wat daar met die baie saamgeneemde brood en die wyn gebeur het nie, want ons het niks daarvan gebruik nie."

[5] **Ek** sê: "Ek het wel geweet dat jy nog na My toe sou terugkom, maar dit is egter nie so ingewikkeld as wat jy jou dit voorstel nie. Maar omdat jy nou eenmaal gekom het om ook daaroor klarigheid te kry, sal Ek die saak tog vir jou ophelder en verduidelik. Luister dus:

[6] Daar is in die berge net soos in die lug, net so ook in die aarde, in die water en in die vuur, bepaalde natuurgeeste wat nog nie in `n vleeslike liggaam geleef het omdat die geleentheid, waarby hulle tydens `n menslike geslagsdaad die weg sou kon vind om deur die liggaam van `n vrou in die vlees op die wêreld te kom, hom nog nie voorgedoen het nie. **In alle elemente is daar nog massas van sulke ongebore siele voorhande**.

[7] Nou is daar in die berge inwonende natuurgeeste uit die lug wat meer vastigheid opgeneem het. Hulle het nie so `n besondere behoefte om in die vlees verwek en dan vleeslik uit `n vrou gebore te word nie; hulle bly liewer, as hulle `n redelike goeie intelligensie besit, so lank moontlik in hul vrye, ongebonde toestand. Hulle het selfs `n gevoel vir regverdigheid en hulle vrees Elohim se Gees, waarvan hulle dikwels `n taamlik duidelike begrip het, dit wil sê altyd maar net `n paar uit hul midde wat al oud geword het. Die jonger opgeneemde geeste in die geselskap is gewoonlik nog baie duister en dikwels ook kwaadaardig en sou baie kwaad kon aanrig as hulle nie deur die oueres in toom gehou word nie. Hul vernaamste taak is die **omvorming van allerlei metale in die berge**, om dit te orden en om dit in die splete en gange van die berge **te laat groei**.

[8] Sulke geeste gebruik soms ook voedsel uit die natuur, en wel uit die planteryk. Dit doen hulle in die berggebied by die verrigting van swaar werk tydens die omvorming van die rotse, by die losslaan van `n groot deel van die berge, by die leegskepping van inwendige, ondergrondse gate wat te veel water bevat en meer soortgelyke werk waarmee hierdie geeste dikwels oorlaai word. Die bedoeling daarvan is dat hulle deur die baie werk hul liefde vir die berge sal verloor en in die vlees verwek sou wil word, omdat veral van nou af geen gees die volle, lewende vrye saligheid sal kan bereik as hy nie die weg van die vlees deurgemaak het nie.

[9] Hierdie geeste, My beste Kisjonah, en spesifiek hulle wat vir jou berge sorg, het met die afsluiting van die groot grot baie swaar werk gehad om te doen en moes daarvoor met brood en wyn versterk word! Kyk, dis wat Ek bedoel het toe Ek gesê het: 'Ons sal `n groot aantal hongeriges en dorstiges aantref, wat aan so `n versterking behoefte sal hê!' Alles is toe ook opgeëet, en vervolgens is al die baie swaar werk tot op die laaste puntjies uitgevoer op bevel van My engel. Dit is die volledige antwoord op jou vraag. - Het jy dit goed verstaan?"